


Leiersgids en gebedsgidse
(in Afrikaans)

Die **2026 Tien Dae van Gebed** se tema is "Ontketen", en fokus op die uitnodiging van die Heilige Gees vir herlewing, vernuwing en bemagtiging om Christus se sending uit te leef, met daaglikse oordenkings, lesings en gebedsgidse beskikbaar vir 'n geesgeleide begin van die jaar.

**Die kern tema is "Ontketen."** In 'n wêreld wat voel of dit uitmekaar val, moet ons deur die Gees van God ontketen word *(“Ontketen”: 'n eksplosiewe situasie versoorsaak; 'n heftige reaksie aan die gang sit*). Dit gaan nie net oor die hantering van probleme nie; dit gaan oor *opstaan* en die mense wees wat God ons geroep het om te wees, en te *doen* wat Hy ons geroep het om te doen – ons stemme verhef en die wêreld voorberei vir Jesus se wederkoms, een-tot-een.

**Sleutelkomponente van die "10 Dae van Gebed Ontketen":**
**1. Individuele Oproep:** Dit begin met 'n persoonlike uitnodiging vir elkeen van ons om *onverhaaste* tyd daagliks saam met Jesus in Sy Woord en gebed te hê voordat enige groepbyeenkomste plaasvind. Hierdie intens persoonlike wandel met Christus is fundamenteel.
**2. Gesins- of Vriendekring:** Die tweede komponent moedig jou aan om jou onmiddellike gesin of 'n vriendekring vir 'n paar minute elke dag bymekaar te kry om saam te bid. Dit erken dat "familie" in baie vorme kom en brei die persoonlike ervaring uit na 'n gemeenskaplike ervaring.
**3. Gemeentelike Byeenkoms:** Die derde component is vir kerke om bymekaar te kom in 'n "bovertrek-ervaring" soos in die boek Handelinge. Die doel is om saam te vier, Jesus te aanbid, en die ontketende krag van die Heilige Gees nou ernstig te soek.

**Hoekom "Ontketen"?**
Die outeur van die materiaal vir hierdie 10 Dae van Gebed, Don McLafferty beklemtoon dat die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag nie net heilige geskiedenis is nie; die boek Handelinge skets 'n prentjie van wat die kerk in die heel laaste dae *moet* wees. Ons is geroep om te leef soos hulle destyds geleef het, maar met selfs *meer* Heilige Gees beskikbaar. Die onderwerpe vir die 10 dae dek deurslaggewende temas. Hierdie onderwerpe daag ons uit om *dieper te gaan* en kwessies soos die gebrek aan liefde en verhoudingsprobleme binne die kerk aan te spreek.

**Die Kragtige Gebed:**
Die uiteindelike uitdaging en gebed vir hierdie 10 dae is: "**O God, wat sou U 'n rede gee gedurende hierdie 10 dae van gebed om die grond te laat bewe?"** Dit is 'n gebed vir God se heerlikheid, nie ons eie nie, wat Hom vra om iets so radikaal en kragtig te doen dat dit nie net ons individuele lewens en kerke skud nie, maar ook ons wêreld beïnvloed en dit voorberei vir Jesus se spoedige wederkoms.

**Gevolgtrekking:**
"10 Dae van Gebed Ontketen" is 'n uitnodiging tot 'n transformerende reis, beginnende met persoonlike oorgawe, wat uitkring na ons gesinne en vriende, en uitloop op 'n herleefde kerk. Ons word aangemoedig om daagliks deel te neem deur persoonlike onverhaaste tyd met Jesus te soek, dan saam met ons geliefdes bymekaar te kom, en dan saam met ons gemeentes in gebed te verenig, met die verwagting dat God ons deur Sy Heilige Gees sal aansteek en ons sal ONTKETEN om te leef en lief te hê soos nog nooit tevore nie.

**<u>10 DAE VAN GEBED - ONTKETEN!</u>**

**DAG 1— Ken Jesus as ons Lewende Verlosser** (Handelinge 1:1-3)

**TYD ALLEEN MET GOD**

**- Gebed**
Eis Psalm 119:105 in gebed op. Vra God om die Heilige Gees te stuur om die geskrewe Woord 'n lig vir jou geloofswandel met Hom te maak.
**- Verken die Woord**
1. Lees Handelinge 1:1–3. Wat leer hierdie gedeelte jou oor Jesus?
2. Verken die vier Evangelies om te sien hoeveel keer Jesus Homself LEWENDIG aan Sy volgelinge geopenbaar het na Sy opstanding. (Sien Mattheus. 28:9–20; Markus. 16:9–20; Lukas. 24:13–53; Johannes 20:14 tot 21:25.)
**- Insig van Ellen White:**
Veertig dae het Christus op die aarde vertoef en die dissipels voorberei vir die werk wat hulle moes doen; ook het Hy aan hulle dinge verduidelik wat hulle voorheen nie kon begryp nie. Hy het van die profesieë aangaande Sy koms gepraat, van Sy verwerping deur die Jode en van Sy dood. Hy het hulle daarop gewys dat alle besonderhede van hierdie profesieë vervul was. Hy het aan hulle gesê dat hulle die vervulling van die profesieë as 'n versekering van die krag moes beskou wat hulle in hul toekomstige werk sou vergesel. Ons lees: "Toe open Hy hulle verstand om die Skrifte te verstaan," En Hy sê vir hulle: "so is dit geskrywe, en so moes die Christus ly en op die derde dag uit die dode opstaan, en bekering en vergewing van sondes in sy Naam verkondig word aan al die nasies, van Jerusalem af." En toe voeg Hy by: "En julle is getuies van hierdie dinge." (Lukas 24:45-48)
Gedurende die dae wat Christus met Sy dissipels deurgebring het, het hulle 'n nuwe ervaring beleef. Toe hulle hulle geliefde Meester die Skrif hoor uitlê in die lig van alles wat gebeur het, is hulle geloof in Hom ten volle bevestig. Toe kon hulle sê: "Ek weet in wie ek geglo het." (2 Timoteus 1:12). Hulle het bewus geword van die aard en omvang van hulle werk en besef, dat hulle die waarhede wat aan hulle toevertrou is, aan die wêreld moes verkondig. Die gebeurtenisse van Christus se lewe, Sy dood en opstanding, die profesieë wat na daarna verwys het, die verborgenhede van die verlossingsplan, die mag van Jesus om sondes te vergewe – van al hierdie dinge was hulle getuies, en hulle moes dit aan die wêreld bekend maak. Hulle moes die evangelie van vrede en verlossing deur bekering en die krag van die Heiland verkondig. (Die Handelinge van die Apostels, bl. 26, 27)
**- Gebedsfokus**
Neem 'n paar oomblikke om oor jou lewe na te dink. Vertel vir God van maniere waarop Jesus vir jou gewys het dat Hy leef! Dank God dat Jesus Christus Homself deur antwoorde op gebed as die lewende Verlosser geopenbaar het.

**TYD SAAM MET FAMILIE/VRIENDEKRING**

**- Verbindings Aktiwiteit**
Nooi elke vriend of familielid om kortliks iets te beskryf sonder om te noem wat dit is. Gee een rede waarom jy weet dit wat jy beskryf leef. Almal moet probeer raai wat jy beskryf. (Byvoorbeeld: Dit het vlerke en word gelok deur die skoonheid in die veld. Ek weet dat dit leef omdat dit sonder 'n windjie rond fladder!)
**- Gebed vir die Heilige Gees**
Bid saam vir die uitstorting van die Heilige Gees. Eis die belofte van Lukas 11:13 op.
**- Verken die Woord**
1. Lees Lukas 1:1–4 en Handelinge 1:1–3. Waarom het Lukas die Evangelie van Lukas en die boek Handelinge geskryf?
2. Hoe illustreer Lukas se verslag in Lukas 24:36–43 Handelinge 1:3?
**- Insig van Ellen White:**
Voordat Hy na die hemel opgevaar het, het Christus aan Sy dissipels hulle opdrag gegee. Hy het aan hulle gesê dat hulle die eksekuteurs moes wees van Sy testament waarin Hy aan die wêreld al die skatte van die ewige lewe bemaak het. Hy het aan hulle gesê: Julle was getuies van My lewe van opoffering ten behoewe van die wêreld. Julle het My arbeid vir Israel gesien. En alhoewel My volk geweier het om na My toe te kom sodat hulle lewe kon hê, alhoewel hulle my verwerp het sal hulle nog 'n geleentheid kry om die Seun van God aan te neem. Julle het gesien dat Ek almal wat met belydenis van sonde na My toe kom, gewillig ontvang. Hom wat na My toe kom, sal Ek geensins uitwerp nie. Aan julle, My dissipels, vertrou Ek hierdie genade boodskap toe.

Dit moet aan beide Jood en Heiden gegee word— eers aan Israel, en dan aan alle nasies, tale en volke. Almal wat glo, moet in een kerk versamel word. (Die Handelinge van die Apostels, bl. 27, 28)

**- Gebedsfokus**

Bid saam dat elke persoon in julle familie en vriendskapskring Jesus as die lewende Verlosser sal ken.
Nadat julle dit vir mekaar gebid het, bid by die naam vir familie en vriende wat Jesus nie op 'n persoonlike, lewende manier ken nie.

**<u>10 DAE VAN GEBED - ONTKETEN!</u>**

**DAG 2— Kom in lyn met Koninkryksprioriteite** (Handelinge 1:6-8)

**TYD ALLEEN MET GOD**

**- Gebed**

**- Verken die Woord**

1. Lees Handelinge 1:6–8. Watter prioriteit het die dissipels op hul gedagtes gehad?
2. Watter prioriteit het Jesus vir Sy dissipels gehad?
3. Watter prioriteite neem die meeste van jou energie in beslag?

**- Insig van Ellen White:**

Voordat Hy na die hemel opgevaar het, het Christus aan Sy dissipels hulle opdrag gegee. Hy het aan hulle gesê dat hulle die eksekuteurs moes wees van Sy testament waarin Hy aan die wêreld al die skatte van die ewige lewe bemaak het. Hy het aan hulle gesê: Julle was getuies van My lewe van opoffering ten behoewe van die wêreld. Julle het My arbeid vir Israel gesien. En alhoewel My volk geweier het om na My toe te kom sodat hulle lewe kan hê, alhoewel die priesters met My gemaak het soos hulle wou, alhoewel hulle My verwerp het, sal hulle nog 'n geleentheid kry om die Seun van God aan te neem. Julle het gesien dat Ek almal wat met belydenis van sondes na My toe kom, gewillig ontvang. Hom wat na My toe kom, sal Ek geensins uitwerp nie. Aan julle, My dissipels, vertrou Ek hierdie genadeboodskap toe. Dit moet aan beide Jood en Heiden gegee word— eers aan Israel, en dan aan alle nasies, tale en volke.
Almal wat glo, moet in een kerk versamel word. (Die Handelinge van die Apostels, bl. 27, 28)

**- Gebedsfokus**

Gee jou persoonlike prioriteite oor aan Jesus as Here. Vra God om Sy koninkryk jou prioriteit te maak!

**TYD SAAM MET FAMILIE/VRIENDEKRING**

**- Verbindings Aktiwiteit**

Nooi almal om op te staan en hul oë toe te maak. Met almal se oë toe, organiseer julleself in 'n reguit lyn sonder om aan mekaar te raak. Julle mag slegs julle stemme gebruik om 'n reguit lyn te vorm. Nadat julle julle lyn gevorm het, maak julle oë oop. Hoe het julle gevaar?

**- Gebed vir die Heilige Gees**

Bid saam: “O Here, open ons oë deur die Heilige Gees sodat ons verenig kan wees in U sending vir ons.”

**- Verken die Woord**

1. Lees Handelinge 1:6–8. Vergelyk Jakobus en Johannes se versoek in Markus 10:35–37 met die dissipels se vraag in Handelinge 1:6. Watter onderwerp het die dissipels se gedagtes besig gehou?
2. Lees Handelinge 1:7. Wat sê Jesus se reaksie aan die dissipels vir jou familie oor jou bekommernisse oor die toekoms?

**- Insig van Ellen White:**

Die evangelie-opdrag is die groot sendinghandves van Christus se koninkryk. Die dissipels moes met toewyding werk om siele te win deur aan almal die uitnodiging van genade te bring. Hulle moes nie wag vir die mense om na hulle toe te kom nie; hulle moes met hulle boodskap na die mense toe gaan. (Die Handelinge van die Apostels, bl. 28)

**- Gebedsfokus**

Maak 'n sirkel in gebed. Verenig in die versoek dat God julle Sy hart sal gee vir Sy prioriteite. Vra vir Sy belofte van die Heilige Gees sodat julle Sy getuies kan wees oral waar julle gaan.

**10 DAE VAN GEBED - ONTKETEN!**

**DAG 3— Ontmoet Jesus wanneer Hy ons verras** (Handelinge 1:9-11)

**TYD ALLEEN MET GOD**

**- Gebed**
**- Verken die Woord**
1. Lees Johannes 14:1–3. Wat berei Jesus persoonlik vir ons voor, voordat Hy terugkeer?
2. Lees Handelinge 1:9–11. Hoe sal Jesus terugkeer?
**- Insig van Ellen White:**
Toe die tyd aangebreek het vir Christus om na Sy Vader op te vaar, het Hy Sy dissipels tot by Betanië uitgelei. Daar het Hy stilgestaan, en hulle het Hom omring. Met Sy hande seënend uitgestrek, asof Hy hulle van Sy beskermende sorgwou verseker, het Hy stadig tussen hulle uit opgevaar. "En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem." Lukas 24:51. (Die Handelinge van die Apostels, bl. 32)
Terwyl die dissipels na bo gestaar om die laaste glimp van hulle opvarende Here te ontvang, is Hy met groot vreugde deur die hemelse engele ontvang. Terwyl daardie engele Hom na die hemelse howe vergesel het, het hulle triomfantlik gesing: "o Koninkryke van die aarde, sing tot eer van God; psalmsing tot eer van die Here!, o koninkryke van die aarde; Van Hom wat ry op die hoogste hemele ... Gee sterkte aan God! Sy hoogheid is oor Israel, en sy sterkte is in die wolke." (Psalm 68:33–35). (Die Handelinge van die Apostels, bl. 32, 33)
**- Gebedsfokus**
Vra God om jou hart voor te berei om Jesus binnekort te ontmoet.

**TYD SAAM MET FAMILIE/VRIENDEKRING**

**- Verbindings Aktiwiteit**
1. Nooi almal om te dink oor hoeveel minute jy graag voor of na 'n geskeduleerde afspraak wil arriveer.
2. Vra almal wat daarvan hou om vroeg te arriveer om hul hande op te steek om aan te dui hoeveel minute hulle vroeg wil arriveer.
3. Vra almal wat gemaklik is om later te arriveer om hul hande op te steek om aan te dui hoeveel minute hulle bereid is om laat te arriveer.
**- Gebed vir die Heilige Gees**
**- Verken die Woord**
1. Lees Mattheus 24:42–44. Hoe sal Jesus se wederkoms soos 'n dief wees?
2. Hoe kan ons die beste voorberei vir Jesus se wederkoms?
**- Insig van Ellen White:**
Die belofte van Christus se tweede koms moes altyd lewendig in die gedagtes van Sy dissipels bly.
Dieselfde Jesus wat hulle na die hemel sien opvaar het, sou weer kom om diegene wat hulle hier op aarde aan Sy diens wy, na Hom toe te neem. Dieselfde stem wat aan hulle gesê het: "Kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld," sou hulle in die hemelse koninkryk in Sy teenwoordigheid verwelkom. (Die Handelinge van die Apostels , bl. 33)
**- Gebedsfokus**
Bid saam dat die Heilige Gees elke persoon in julle kring sal voorberei om Jesus te ontmoet wanneer Hy terugkom.

**10 DAE VAN GEBED - ONTKETEN!**

**DAG 4— Kom Nederig Saam in die Gesindheid van Christus** (Handelinge 1:12–14)

**TYD ALLEEN MET GOD**

**- Gebed**
**- Verken die Woord**
1. Lees Handelinge 1:12–14. In die lys van mense wat in die bovertrek was, wie verras jou die meeste? Waarom?
2. Lees Romeine 3:23. Hoe roep hierdie waarheid ons almal tot nederigheid in hoe ons mekaar sien?
**- Insig van Ellen White:**

Terwyl die dissipels op die vervulling van die belofte gewag het, het hulle hulle harte in opregte berou verootmoedig en hulle ongeloof bely. Toe hulle die woorde wat Christus voor Sy dood gespreek het, in herinnering roep, het hulle die betekenis daarvan beter verstaan. Waarhede waarvan hulle reeds vergeet het, is weer te binne gebring en hulle het dit aan mekaar herhaal. Hulle het hulself verwyt omdat hulle die Heiland misverstaan het. Die een toneel van Sy wonderlike lewe na die ander het soos 'n optog voor hulle geestesoog verbygetrek. Terwyl hulle oor Sy rein, heilige lewe gepeins het, het hulle gevoel dat geen inspanning te swaar en geen opoffering te groot sou wees as hulle maar net in hulle lewens van die lieflikheid van Christus se karakter kon getuig nie. Ag, as hulle net die afgelope drie jaar kon oorleef, so het hulle gedink, hoe anders sou hulle optree! As hulle die Here tog net weer kon sien, hoe anders sou hulle streef om aan Hom te wys hoe lief hulle Hom het en hoe opreg bedroef hulle was omdat hulle Hom ooit deur woord of deur ongelowige daad leed aangedoen het! Maar die gedagte dat Hy hulle dit vergewe het, het hulle getroos. En hulle het hulle voorgeneem dat hulle sover dit moontlik was, vir hulle ongeloof sou vergoed deur Hom moedig voor die wêreld te bely.
(Die Handelinge van die Apostels, bl. 36)
**- Gebedsfokus**
Bid dat niks in die pad sal staan van hoe jy jou familie, vriende en gemeente waardeer en koester nie.

**TYD SAAM MET FAMILIE/VRIENDEKRING**

**- Verbindings Aktiwiteit**
Vorm saam met jou familie/vriende ’n sirkel met julle rue na mekaar toe. Vra: “Watter gesindhede in hierdie sirkel trek ons die meeste na mekaar toe?” Neem een antwoord van elke persoon in die sirkel.
Wanneer hulle antwoord, nooi hulle om, om te draai en na die sirkel te kyk—totdat almal vir mekaar kyk.
**- Gebed vir die Heilige Gees**
**- Verken die Woord**
1. Lees Filippense 2:5–8. Wat beteken dit om die gesindheid en ingesteldheid van Christus te hê? Hoe behoort dit die manier te beïnvloed waarop ons mekaar in ons familie- en vriendekring behandel?
**- Insig van Ellen White:**
Hierdie dae van voorbereiding was dae van diepgaande selfondersoek. Die dissipels het hulle geestelike nood gevoel en tot die Here geroep om die heilige salwing wat hulle geskik sou maak vir die sielereddingswerk. Hulle het nie net vir hulleself ’n seën afgesmeek nie. Die las om siele te red het swaar op hulle gerus. Hulle het besef dat die evangelie aan die wêreld verkondig moes word, en hulle het die krag opgeëis wat Christus beloof het.
(Die Handelinge van die Apostels, bl. 37)
**- Gebedsfokus**
Bid vir die gesindheid en ingesteldheid van Jesus Christus. Bid vir die nederigheid van Jesus in jou interaksies met elke persoon in jou familie- en vriendekring.

**<u>10 DAE VAN GEBED - ONTKETEN!</u>**

**DAG 5— Bekeer jou en vul jou met die Heilige Gees** (Handelinge 1:4, 5; 2:1–4; 2:37–39; 3:19)

**TYD ALLEEN MET GOD**

**- Gebed**
**- Verken die Woord**
1. Lees Handelinge 1:4, 5. Wat het Jesus aan Sy dissipels belowe indien hulle daarvoor sou wag
2. Lees Lukas 11:11–13. Hoe graag wil God hê dat jy die Heilige Gees moet hê?
**- Insig van Ellen White:**
So kragtig kan God deur manne werk wat hulle geheel en al aan die beheersing van Sy Gees oorgee.Die belofte van die Gees is tot geen bepaalde eeu of ras beperk nie. Christus het verklaar dat die Goddelike invloed van Sy Gees tot die einde toe met Sy volgelinge sou wees.
Van die dag van die Pinksterfees af tot nou toe is die Trooster na almal gestuur wat hulle ten volle aan die diens van die Here oorgegee het. Tot almal wat Christus as hulle persoonlike Saligmaker aangeneem het, het die Heilige Gees as 'n raadgewer, heiligmaker, leidsman en getuie gekom. Hoe nader gelowiges aan God gewandel het, hoe duideliker en kragtiger het hulle van hulle Heiland se liefde en reddende genade getuig. Die manne en vroue wat deur die lange eeue van vervolging en beproewing heen die grootste mate van die Gees in hulle lewens geniet het, het as tekens en wondere in die wêreld gestaan. In die teenwoordigheid van engele

en mense het hulle die herskeppende mag van verlossende liefde geopenbaar. (Die Handelinge van die Apostels , bl. 49)

**- Gebedsfokus**

Bid dat God jou die gawe van die Heilige Gees sal gee bo en behalwe wat jy reeds al ontvang het.

**TYD SAAM MET FAMILIE/VRIENDEKRING**

**- Verbindings Aktiwiteit**

Vra elke persoon om 'n onvergeetlike geskenk te beskryf wat hulle van 'n familielid of vriend ontvang het en hoekom dit vir hulle spesiaal was. Wat dink jy wil God vir jou gee?

**- Gebed vir die Heilige Gees**

**- Verken die Woord**

Lees Lukas 11:13 en Mattheus 7:7, 8. Waartoe nooi Jesus ons uit?

**- Insig van Ellen White:**

Die verloop van tyd het niks verander van Christus se afskeidsbelofte om die Heilige Gees as Sy verteenwoordiger te stuur nie. Dit is nie weens terughoudendheid aan die kant van God dat die rykdom van Sy genade nie na die mense op aarde vloei nie. Indien die vervulling van die belofte nie na wens geskied nie, is dit omdat dit nie behoorlik gewaardeer word nie. Indien almal gewillig was, sou almal met die Gees vervul word. Orals waar min aan die behoefte aan die Heilige Gees gedink word, daar is geestelike droogte, geestelike duisternis, geestelike verval en geestelike dood. Wanneer minderwaardige sake die aandag in beslag neem, ontbreek die Goddelike krag wat so noodsaaklik is vir die groei en voorspoed van die kerk, die krag wat elke ander seën met hom meebring, ondanks dit in oneindige oorvloed aangebied word. (Die Handelinge van die Apostels, bl. 50)

**- Gebedsfokus**

Bid saam dat God die Gawe van die Heilige Gees aan elke familielid en vriend in julle kring sal stuur.

<u>**10 DAE VAN GEBED - ONTKETEN!**</u>

**DAG 6— Staan vir Christus en volg Hom ten volle** (Handelinge 2:14; 4:1–31)

**TYD ALLEEN MET GOD**

**- Gebed**

**- Verken die Woord**

Lees Handelinge 1:13; 2:1–5, 11. Was Petrus in die bovertrek? Wat het die Heilige Gees deur hom en die ander op Pinkster gedoen?

**- Insig van Ellen White:**

Die toneel is die ene belangstelling. Kyk hoe kom die mense uit alle rigtings om te luister hoe die dissipels van die waarheid getuig soos dit in Jesus is. Hulle dring na binne die tempel is oorvol. Priesters en owerstes is daar met die donker frons van boosaardigheid nog op hulle aangesigte, hulle harte steeds gevul met blywende haat jeens Christus, hulle hande onrein met die bloed wat gestort is toe hulle die Verlosser van die wêreld gekruisig het. Hulle het verwag dat die apostels onder die strenge hand van onderdrukking en moord, oorbluf sou wees, maar hulle vind hulle bo alle vrees verhef en vol van die Gees besig om die Godheid van Jesus van Naseret met krag te verkondig. Hulle hoor hulle met vrymoedigheid verklaar dat die Een wat so kort gelede verneder, bespot, met wrede hande geslaan en gekruisig het, die Lewesvors is, en nou aan die regterhand van God verhoog is. (Die Handelinge van die Apostels, bl. 42)

**- Gebedsfokus**

Bid vir vrymoedigheid om te wees wie die Heilige Gees jou geroep het om te wees!

**TYD SAAM MET FAMILIE/VRIENDEKRING**

**- Verbindings Aktiwiteit**

Vra jou familie/vriendegroep: “Wanneer en waar voel jy die meeste selfversekerd om te getuig?”
Gee almal 'n kans om deel te neem. Vandag gaan ons Heilige Gees-geleide vertroue ondersoek.

**- Gebed vir die Heilige Gees**

**- Verken die Woord**

Lees Handelinge 2:14. As in ag geneem word dat Petrus omtrent sewe weke voor Pinkster in die openbaar

verklaar het dat hy Jesus nie ken nie, watter verrassende stappe het Petrus geneem toe hy met die Heilige Gees vervul is?
**- Insig van Ellen White:**
Hulle kon die Naam van Jesus met oortuiging noem; was Hy dan nie hulle Vriend en ouer Broer nie? Hulle was in sulke noue gemeenskap met Christus dat hulle met Hom hemel op aarde geniet het. Met watter geesdriftige taal het hulle hulle idees beklee terwyl hulle van Hom getuig het! Hulle harte het oorgeloop van welwillendheid wat so vol, so diep, so verreikend was dat dit hulle gedring het om na die uiteindes van die aarde te gaan en van die krag van Christus te getuig. Hulle was gevul met 'n intense verlange om die werk wat Hy begin het, voort te sit.
Hulle was bewus van hulle groot skuld teenoor die hemel en die verantwoordelikheid van hulle werk. Deur die gawe van die Heilige Gees gestrek, het hulle vol ywer uitgegaan om die sege van die kruis te verbrei. Die Gees het hulle besiel en deur hulle gespreek. Die vrede van Christus het van hulle gesigte gestraal. Hulle het hulle lewens vir diens aan Hom gewy, en hulle hele wese het getuig van hulle oorgawe. (Die Handelinge van die Apostels , bl. 46)
**- Gebedsfokus**
Bid dat die Heilige Gees elke persoon in jou familie- en vriendskapskring sal bevry om die goeie nuus van Jesus met enigiemand te kan deel.

**<u>10 DAE VAN GEBED - ONTKETEN!</u>**

**DAG 7—Maak dissipels van alle generasies om namens Jesus te spreek** (Handelinge 2:17,18)

**TYD ALLEEN MET GOD**

**- Gebed**
**- Verken die Woord**
Lees Joël 2:28, 29. Wat word hier gesê oor die uitstorting van die Heilige Gees?
**- Insig van Ellen White:**
God se doel vir die kinders wat langs ons grootword, is wyer, dieper, hoër as wat ons beperkte visie kan begryp. Uit die nederigste plekke is diegene wat Hy as getrou gesien het, in die verlede geroep om vir Hom te getuig in die wêreld se hoogste plekke. Menige kinders van vandag, wat soos Daniël in sy Judese huis grootgeword het, wat God se woord en Sy werke bestudeer het, en die lesse van getroue diens geleer het, sal steeds in wetgewende vergaderings, in geregssale of in koninklike howe staan as getuies vir die Koning van konings.
Menigtes sal geroep word tot 'n wyer bediening. Die hele wêreld is oop vir die evangelie ... Vanuit elke hoek van hierdie wêreld, kom die geroep van sonde-geteisterde harte vir 'n kennis van die God van liefde ... Dit berus by ons wat die kennis ontvang het, by ons kinders aan wie ons dit kan oordra, om hulle geroep te beantwoord. Aan elke huishouding en elke skool, aan elke ouer, onderwyser en kind op wie die lig van die evangelie geskyn het, kom in hierdie krisis die vraag wat aan Ester die koningin gestel was tydens daardie krisis in Israel se geskiedenis: "Wie weet of jy nie juis vir so 'n tyd soos hierdie tot die koninkryk gekom het nie?" (Adventist Home, bl. 484 Vry Vertaal)
**- Gebedsfokus**
Bid tot God om jou lewe 'n vervulling van hierdie antieke profesie te maak.

**TYD SAAM MET FAMILIE/VRIENDEKRING**

**- Verbindings Aktiwiteit**
Kyk na jou familie-/vriendekring. Laat elke persoon 'n stokperdjie of vaardigheid opnoem wat hulle graag by iemand in die groep wil leer. Net soos ons talente aan ons familie en vriende oordra, kan ons ook geloof, moed en 'n sendinggees aan andere oordra.
**- Gebed vir die Heilige Gees**
**- Verken die Woord**
Lees Handelinge 2:17, 18 en Maleagi 4:5, 6. Hoe berei die boodskap in Maleagi die harte van gesinne voor om deel te wees van die laaste-dae profesieë wat in Handelinge 2:17, 18 beskryf word?
**- Insig van Ellen White:**
Ouers behoort hulleself in 'n spesiale sin as agente van God te beskou om hulle kinders te onderrig, soos Abraham gedoen het, om die weg van die Here te hou. Hulle moet die Skrifte ywerig ondersoek om te weet

wat die weg van die Here is, sodat hulle dit aan hulle huisgesin kan leer. Miga sê: “Wat vra die Here van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God?” [Miga 6:8.] Om onderwysers te wees, moet ouers leerders wees, voortdurend lig versamel uit die woord van God en deur voorskrifte en voorbeeld hierdie kosbare lig in die opvoeding van hulle kinders bring.
Uit die lig wat God my gegee het, weet ek dat die man en die vrou in die huishouding as predikant, geneesheer, verpleegster en onderwyser moet wees, en hulle kinders aan hulleself en aan God moet verbind, hulle moet opgelei word om elke gewoonte te vermy wat op enige manier teen God se werk in die liggaam sal werk, en hulle moet leer om vir elke deel van die liggaam te sorg. (Adventist Home, bl. 184 Vry Vertaal)

**- Gebedsfokus**

Vra God om jou met ekstra liefde te vul en jou hart terug te keer na enige familielid met wie jy versoening nodig het.

__10 DAE VAN GEBED - ONTKETEN!__

**DAG 8— Wees lief vir jou geloofsfamilie soos Jesus** (Handelinge 2:41-47)

**TYD ALLEEN MET GOD**

**- Gebed**

**- Verken die Woord**

Lees Handelinge 2:41. Hoe sou hierdie groot toevoeging tot die vroeë kerk die liefde van die vroeë gelowiges uitgedaag het?

**- Insig van Ellen White:**

Wanneer die genade van Christus in die woorde en werke van die gelowiges uitgedruk word, sal lig skyn vir diegene wat in duisternis is; want terwyl die lippe tot lof van God spreek, sal die hand in weldadigheid uitgestrek word vir die hulp aan die verlorenes. Ons lees dat op Pinksterdag, toe die Heilige Gees op die dissipels neergedaal het, niemand gesê het dat enigiets wat hy besit het sy eie was nie. Alles wat hulle besit het, is gebruik vir die bevordering van die werk. En duisende is in een dag bekeer. Wanneer dieselfde Gees gelowiges vandag aandryf, en hulle met dieselfde vrygewigheid aan God teruggee, sal 'n wye en verreikende werk volbring word. (Manuskrip 95, 1907, par. 17 Vry Vertaal)
Die eerste engel se boodskap van Openbaring 14, wat die uur van God se oordeel aankondig en mense maan om God te aanbid, is bedoel om die belydende volk van God af te skei van die verderflike invloede van die wêreld, en om hulle op te wek om hulle toestand van wêreldsgesindheid en afvalligheid te besef. In hierdie boodskap het God aan die kerk 'n waarskuwing gestuur wat, as dit aangeneem word, die booshede wat hulle van Hom skei, uit die weg sal ruim. As hulle die boodskap van die hemel aanneem, hulle harte voor die Here verootmoedig en in opregtheid klaarmaak om in Sy teenwoordigheid te staan, sal die Gees en krag van God onder hulle geopenbaar word. Die kerk sal weer daardie geseënde staat van eenheid, geloof en liefde bereik wat daar in die apostoliese tyd was, toe die gelowiges een van hart en siel was, die woord van God met vrymoedigheid gespreek het, en die Here daagliks by die gemeente gevoeg het die wat gered was. Handelinge 4:32, 31; 2:47 (Die Groot Stryd, bl.379)

**- Gebedsfokus**

Vra God om jou hart te vul met die liefde wat jy nodig het om te sorg vir mense wat Hy roep na hierdie laaste-dae profetiese beweging.

**TYD SAAM MET FAMILIE/VRIENDEKRING**

**- Verbindings Aktiwiteit**

Maak beurte en dink aan een ding wat iemand in jou familie-/vriendekring gedoen het wat jou op 'n praktiese manier gewys het hoe geliefd jy is. Voer dit op, en kyk of jou familie/vriende kan raai wat dit is.

**- Gebed vir die Heilige Gees**

**- Verken die Woord**

Lees Handelinge 2:42–44. Hoe het die Heilige Gees die manier waarop die vroeë kerk mekaar liefgehad het, verander?

**- Insig van Ellen White:**

Die gelowiges moes altyd die liefde koester wat die harte van die apostels gevul het na die uitstorting van die Heilige Gees. Hulle moes voortgaan in gewillige gehoorsaamheid aan die nuwe gebod: “Soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.” Johannes 13:34. So eendragtig moes hulle met Christus verenig word dat

hulle in staat sou wees om Sy vereistes te vervul. Die krag van die Verlosser wat hulle deur Sy geregtigheid kon regverdig, moes so verheerlik word. (Testimonies for the Church, vol. 8, bl. 241 Vry Vertaal)

**- Gebedsfokus**

Bid dat die Heilige Gees elke persoon in jou familie/vriendskapskring sal help om mekaar in woord en daad lief te hê.

**<u>10 DAE VAN GEBED - ONTKETEN!</u>**

**DAG 9— Sien en Sorg Vir die Vergetenis** (Handelinge 3:1-10)

**TYD ALLEEN MET GOD**

**- Gebed**

**- Verken die Woord**

Lees Mattheus 25:31–46. Vir wie daag Jesus ons uit om te sorg? Hoe word Jesus persoonlik beïnvloed deur die manier waarop ons vir hierdie vergete mense sorg?

**- Insig van Ellen White:**

Elke vriendelike daad wat in die Naam van Jesus gedoen word, word deur Hom aangeneem as iets wat Homself aangedoen word, want Hy vereenselwig Sy belange met dié van die lydende mensdom, en Hy het aan Sy kerk die groot werk opgedra om vir Jesus te sorg deur die behoeftiges en lydendes te help en tot seën te strek. Op almal wat met gewillige harte vir hulle sorg, sal die seën van die Here rus. (Raad oor Rentmeesterskap, bl. 164)

**- Gebedsfokus**

Bid vir oë om mense in nood raak te sien asof hulle Jesus self is – en om vir hulle te sorg asof hulle Jesus self is.

**TYD SAAM MET FAMILIE/VRIENDEKRING**

**- Verbindings Aktiwiteit**

Nooi elke persoon in jou familie-/vriendekring om te vertel van iemand in die plaaslike gemeenskap wat op een of ander manier behoeftig is. Waarom sien ons nie almal dieselfde behoeftige mense raak nie?

**- Gebed vir die Heilige Gees**

**- Verken die Woord**

Lees Handelinge 3:1–4. Petrus en Johannes het al baie keer na die tempel gekom. Nooit tevore word daar genoem dat hulle by iemand in nood gestop het nie. Hoekom het hulle hierdie keer 'n persoon in nood raak gesien? (Sien Handelinge 2:4, eerste deel.)

**- Insig van Ellen White:**

Christus se metode alleen sal ware sukses gee om die mense te bereik. Die Verlosser het met mense gemeng as iemand wat net die beste vir hulle wou hê. Hy het simpatie vir hulle getoon, in hulle behoeftes voorsien en hulle vertroue gewen. Toe het Hy hulle beveel: "Volg My." (The Ministry of Healing, bl. 143 Vry Vertaal).

**- Gebedsfokus**

Bid dat jy, Jesus se hart vir vergete mense in nood sal hê.

**<u>10 DAE VAN GEBED - ONTKETEN!</u>**

**DAG 10— Oefen Radikale Vrygewigheid** (Handelinge 4:32-37)

**TYD ALLEEN MET GOD**

**- Gebed**

**- Verken die Woord**

Lees Handelinge 4:32. Hoe sou jy die gelowiges in die boek Handelinge beskryf?

**- Insig van Ellen White:**

Hierdie vrygewigheid van die gelowiges was die gevolg van die uitstorting van die Heilige Gees.
Die bekeerlinge tot die evangelie was "van een hart en siel." Een gemeenskaplike belang het hulle beheers—naamlik die welslae van die sending wat aan hulle opgedra is, en inhaligheid het geen plek in hulle lewens gevind nie. Hulle liefde vir hulle broerders en die saak waaraan hulle gewy was, was groter as hulle liefde vir geld en besittings. Hulle werke het getuig dat hulle mensesiele van groter waarde geag het as aardse rykdom. (Die Handelinge van die Apostels , bl. 70, 71)

**- Gebedsfokus**
Vra God om jou 'n vrygewige hart en 'n begeerte na ware eenheid met medegelowiges te gee.

**TYD SAAM MET FAMILIE/VRIENDEKRING**

**- Verbindings Aktiwiteit**
Kry almal in 'n sirkel. Maak beurte om kortliks 'n geskenk wat iemand vir jou gegee het uit opoffering, uit te beeld. Bid dat die Heilige Gees Sy Woord sal seën.
**- Gebed vir die Heilige Gees**
**- Verken die Woord**
Lees Handelinge 4:32, 33. Wat is die verband tussen groot vrygewigheid en groot krag van die Heilige Gees?
**- Insig van Ellen White:**
Van die apostoliese kerk, in daardie dae toe die heerlikheid van die opgestane Christus oor hulle geskyn het, staan daar geskryf dat niemand gesê het "dat enigiets van sy besittings sy eie was nie." "En daar was ook niemand onder hulle wat gebrek gely het nie." "En met groot krag het die apostels getuienis gegee van die opstanding van die Here Jesus, en groot genade was oor hulle almal." "En hulle het elke dag eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geëet, terwyl hulle God geprys het en in guns was by die hele volk. En die Here het elke dag by die gemeente gevoeg die wat gered is." Handelinge 4:32, 34, 33; 2:46, 47.
Deursoek hemel en aarde, en daar is geen waarheid wat kragtiger geopenbaar word as dié wat geopenbaar word in werke van barmhartigheid aan diegene wat ons simpatie en hulp nodig het nie. Dit is die waarheid soos dit in Jesus is. Wanneer diegene wat die naam van Christus bely, die beginsels van die goue reël beoefen, sal dieselfde krag met die evangelie gepaardgaan as in apostoliese tye. (Thoughts from the Mount of Blessing , bl. 137 Vry Vertaal)
**- Gebedsfokus**
Bid dat die Heilige Gees elke familielid en vriend sal vul met die vreugde van Jesus om opofferend te gee om Sy sending na die wêreld te bevorder.

---ooo0ooo---